# *Die God van Vrede*

**16 Oktober 2016**

# Teks: Lukas 12:51-53

Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te gee?

**Nee, sê Ek vir julle, maar eerder verdeeldheid.**

Want van nou af sal daar vyf in een huis verdeeld wees, drie teen twee en twee teen drie.

Die vader sal verdeeld wees teen die seun en die seun teen die vader,

die moeder teen die dogter en die dogter teen die moeder,

die skoonmoeder teen haar skoondogter en die skoondogter teen haar skoonmoeder.

# Definieer: Vrede

*Strongs Greek 1515* ***eirene*** *...*

***peace*** *(literally or figuratively);*

*by implication,* ***prosperity***







10:08
Great Sunday drive with Jessie, Lisa, and Peter!
Train for Success
The Ultimate Stage
htc
MOBO
18









iPhone 7


QANTAS
Spirit of Australia


COIN
CARD






NO JOB
GEEN WERK
HELP!
PLEASE. A.SB

# Wat is Welvaart?

**Spr 30:8-9** ... gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is; dat ek nie, as ek oorversadig geword het, U verloën nie, en sê: Wie is Jahwe? En dat ek nie, as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van my God vergryp nie.

**Rom 14:17** Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.

**3 Joh 1:2** Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan;

**Jak 2:15-16** As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê:<br>
Gaan heen in vrede, word warm, word versadig,<br>
maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie — wat baat dit?

# Verdeeldheid? Is dit 'n teenstrydigheid?

**Luk 2:14** Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!

**Rom 14:33** En die God van vrede sy met julle almal! Amen.

**Gal 5:22** Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

# Verdeeldheid? Twee tipes vrede!

**Jak 4:4** ... weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.

**Rom 8:6** Want wat die vlees bedink, is die dood,
maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede

**Joh 14:27** Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.

**Joh 16:33** Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.

**Rom 16:20** En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel.

# Opdragte

**Heb 12:14** Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand Jahwe sal sien nie;

**Jak 3:18** En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak. (**4:1** Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? ...)

**1 Thes 5:23** En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Heer, Jahsua die Gesalfde!

**2 Kor 13:11** Verder, broeders, wees bly; word volmaak; laat julle vermaan; wees eensgesind; hou vrede, en die God van liefde en vrede sal met julle wees.

**Filippense 4:7**

En die vrede van God,
wat alle verstand te bowe gaan,
sal julle harte en julle sinne bewaar
in Die Gesalfde, Jahsua.